STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 37 - 2018 • EDITION 37 - 2018

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners,

Ek staan na soveel jare steeds in absolute verwondering oor die natuur. Nadat ons deur 'n uitmergelende somer is, was ek amper moedeloos omdat al ons tuinery dor en feitlik dood was. Na ons lekker eerste reën is alles egter weer groen en mooi, so amper asof dit nooit so droog was nie. Ongelukkig het ons damme nog nie eintlik water gekry nie en daar lê nog 'n opdraande stryd voor tensy dit baie gaan reën.

Verkeersdepartement

Ons het aan die einde van verlede jaar, 'n groot verbetering ervaar in wagtye by ons verkeersdepartement. Inwoners het my egter die afgelope tyd laat weet dat die rye weer baie lank geraak het en dat inwoners vir ure kan wag. Daarom het ek met al die betrokke rolspelers gepraat oor die nodige oplossings om diens by die verkeersafdeling weer te verbeter. Ek hoop om binnekort 'n volhoubare langtermyn oplossing in plek te stel om dit aan te spreek.

Ek wil inwoners ook daaraan herinner om 'n nota te maak van u motor- en bestuurderslisensies se vervaldatum. Die provinsiale stelsel wat die kennisgewings hiervoor uitstuur, ervaar steeds probleme en ons vind dikwels dat inwoners nie betyds, of glad nie in kennis gestel word dat hul lisensies amper verval nie. Maak seker u weet wanneer u die onderskeie lisensies moet hernu, en doen dit betyds. Voertuiglisensies moet jaarliks hernu word, terwyl bestuurderlisensies elke 5 jaar hernu moet word.

Dear Residents,

After so many years I still stand in absolute wonder of nature. Following our exhausting summer, I almost lost hope because all our gardens have dried up and was almost dead. After our first good rains, everything is green and beautiful again, almost as if there is no drought at all. Unfortunately, our dams have not received sufficient water yet and there is still an uphill battle ahead unless we receive a lot of rain.

Traffic Department

At the end of last year, we experienced a significant improvement in our waiting times at the traffic department. Residents have however informed me that recently the queues are getting longer and longer and that residents can often be left waiting for hours. That is why I have spoken with all the role-players involved about finding and implementing the necessary solutions to again improve services at the traffic department. I hope to implement a sustainable long-term solution soon to address this.

I also want to remind residents to please make a note about when your vehicle or driver's license expires. The provincial system issuing notices is still experiencing problems and we often find that residents are not informed timeously, or not at all, of when their licences expire. Please make sure you know when your licenses must be renewed and do it on time. Vehicle licenses must be renewed annually and driver's licenses must be renewed every 5 years.

Adv. Gesie van Deventer
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

SPAAR WATER
SAVE WATER

Die Nieuwe Molen
The Nieuwe Molen
bl/pg 2

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SSI
SAFETY INITIATIVE

Elektroniese Rekeninge

As Munisipaliteit is ons deurlopend besig om te kyk hoe ons meer omgewingsvriendelik kan optree en ons koolstofvoetspoor kleiner kan maak. Een manier is om rekeninge elektronies aan ons inwoners te stuur via e-pos. Ek wil graag al ons inwoners aanmoedig om u rekening per e-pos aan te vra. Dit spaar baie papier en geld en u kry u rekening en die nuusbrief lekker vroeg. Dit is baie maklik en gerieflik om oor te skakel. Kontak gerus die volgende persone by die munisipaliteit en hulle sal u help om dit vinnig te doen:

- Shirl Parks - 021 808 8551 of e-pos Shirl.parks@stellenbosch.gov.za
- Zeldia Cloete - 021 808 8498 of e-pos Zeldia.cloete@stellenbosch.gov.za
- Jean-Pierre September - 021 808 8550 of e-pos Jean-pierre.september@stellenbosch.gov.za

Die Nieuwe Molen

Reg deur my loopbaan is daar gebeure en geleenthede waarvan ek deel was wat vir altyd by my sal bly. Ek was onlangs weer bevoorreg om deel te wees van so 'n uiters spesiale geleentheid met die amptelike onthulling van die Meulwiel op Meulplein. As u gereeld deur die middel van Stellenbosch ry sal u sien dat die ikoniese Meulwiel weer terug is in die hartjie van die dorp. Die Nieuwe Molen Meulwiel, soos dit amptelik bekendstaan, is 'n deel van Stellenbosch se geskiedenis wat terug dateer uit die 19de eeu. Die wiel wat langs die Rhynse Kerk gestaan het tot 1963, is in veilige bewaring gehou deur Wilgenhof Manskoshuis. Die vorige raad het die projek begin om die geskiedkundige ikoon van Stellenbosch weer te hervestig so na as moontlik aan sy oorspronklike huis. Die internasionaal bekende plaaslike landskapkunstenaar, Mnr Strijdom van der Merwe het die ontwerp en uitleg van die projek gedoen.

Hierdie wiel gaan beslis 'n internasionale kenteken en simbool word van ons area. Ek is so bly oor die nuwe tuiste van die wiel en die bewaring van 'n unieke deel van ons geskiedenis, want dit is nie altyd maklik om 'n balans te hou tussen ons unieke historiese omgewing en moderne vooruitgang nie. Die terugkeer van die waterwiel is egter 'n wonderlike voorbeeld van hoe ons kuns, kultuur en geskiedenis kan bewaar. Ek wil graag baie dankie sê vir die Stellenbosch Kunsvereniging en al die ander rolspelers wat seker gemaak het dat hierdie projek voltooi word. Dit is so 'n groot voorreg vir my om deel te wees van Stellenbosch se geskiedenis op hierdie unieke manier.

Idasvallei Mark

Om geleenthede te skep vir ons inwoners is vir my 'n absolute prioriteit. As munisipaliteit is ons hoofdoel om basiese dienste te lewer maar wanneer dit in plek is, skep dit geleenthede vir goeie ekonomiese groei, wat dan weer geleenthede skep vir inwoners. Hieruit vloei ook die kans om geleenthede te skep wat entrepreneurskap aanmoedig in ons gemeenskappe deur die bou van informele handelspasies vir informele handelaars.

Die Idasvallei Informele Mark by die ingang van Idasvallei is so 'n voorbeeld. Dit is 'n wonderlike ruimte wat daarop sal

Electronic Accounts

As the Municipality, we are continuously evaluating our operations to see how we can be more environmentally friendly and reduce our carbon footprint. One way to do this is to send out electronic accounts to our residents via email. I want to encourage our residents to request your municipal account via email. It saves paper and money and you will get your municipal account and newsletter early without any hassles. It is easy and convenient to change over. Please contact the following people who will assist you to do this swiftly:

- Shirl Parks - 021 808 8551 or email Shirl.parks@stellenbosch.gov.za
- Zeldia Cloete - 021 808 8498 or email Zeldia.cloete@stellenbosch.gov.za
- Jean-Pierre September - 021 808 8550 or email Jean-pierre.september@stellenbosch.gov.za

The Nieuwe Molen

Throughout my career there have been events that I was part of that will always stay with me. Recently, I was again privileged to be part of such a very special event with the official reveal of the Mill Wheel on Mill Square. If you often drive through Stellenbosch, you will see that the iconic Mill Wheel has been returned to the heart of town. The Nieuwe Molen Mill, as it is officially known, is part of Stellenbosch's history that dates back to the 19th century. The wheel, which was located next to the Rhenish Church until 1963, was safely kept by the Wilegenhof Men's Residence. The previous Council started the project to return the wheel as close as possible to its original home. The internationally renowned local landscape artist, Mr Strijdom van der Merwe, was responsible for the design of the project.

This wheel will definitely become an international token and symbol for our area. I am so happy about the new home for the mill and the preservation of a unique part of our history, because it is not always easy to find a balance between our unique historical surrounds and modern progress. The return of the wheel is however a wonderful example of we can preserve art, history and culture. I want to thank the Stellenbosch Art Association and all the other stakeholders who ensured this project's success. It is a great privilege for me to be part of Stellenbosch's history in this unique way.

Ida's Valley Market

To create opportunities for residents is an absolute priority for me. As a municipality, our main purpose is to deliver the best services, but when this is in place, it creates opportunities for economic growth, which in turns creates opportunities for residents. From this flows the opportunity to encourage entrepreneurship in our communities by building informal trading spaces for informal traders.

The Ida's Valley Market at the entrance of Ida's Valley is an example of this. It is a wonderful space which focuses on drawing

fokus om plaaslike besoekers asook toeriste te lok wat tussen Franschhoek en Stellenbosch reis. Die Idasvallei-markie bestaan uit 20 stalletjies en word bestuur met behulp van 'n komitee wat saamgestel is uit plaaslike inwoners van die Idasvallei-area.

Daar gaan in totaal vier informele markte gebou word regoor die munisipaliteit. Die bouwerk by die Kayamandi handelsterrein sal teen Julie 2018 voltooi word en teen September 2018 behoort die bouwerk by Cloetesville en Franschhoek klaar te wees. Die totale projek sal 67 stalletjies voorsien aan opkomende entrepreneurs regoor ons munisipale area.

Ek wil ook inwoners aanmoedig om asseblief hierdie markte te gaan besoek en te ondersteun. Ek is seker u sal dit net so baie geniet soos ek.

Skenkings

Die afgelope paar weke was ons geseën met lekker reëndae. Saam met die reën, kom daar egter ook 'n paar uitdagings wat veral inwoners in informele nedersettings hoofsaaklik raak. Ons het reeds 'n paar gevalle gehad waar inwoners tydelik hervestig moes word as gevolg van die gure weer. Ons het ook 'n paar ernstige brande gehad in informele areas waar mense alles verloor het. Inwoners in informele nedersettings word gewoonlik die meeste geraak deur ons winterweer. Ek wil tog 'n beroep op u doen om asseblief komberse en klere te skenk sodat ek behoeftige inwoners wat in nood verkeer kan help. Die skenkings wat ons verlede jaar ontvang het, het werklik baie 'n groot verskil gemaak aan die lewens van inwoners in nood. U kan my kantoor skakel by 021 808 8024 of 'n e-pos stuur aan mayor.communication@stellenbosch.gov.za om reëlings te tref vir skenkings.

Droogte

Soos u weet is die droogte steeds nie verby nie. Saam met al die ander geaffekteerde munisipaliteite bly ons op vlak 6B waterbeperkings. Ek lees onlangs in van die plaaslike koerante dat daar inwoners is wat die waterbeperkings na die reën bevraagteken en ook bespiegel dat die watersituasie nie so ernstig is. Sommige mense beweer ook dat die munisipaliteit inwoners onnodig probeer belas. Ek kan u verseker dat die watersituasie nog net so ernstig is as vroeër. Wat wel verander het, is ons inwoners se wonderlike samewerking. Ons data wys hoe amper al ons inwoners regtig saamwerk en water spaar net waar hul kan. Baie dankie, ons is trots op u en waardeer u opofferings. Daar moet nog baie water val voor die damvlakke in Boland en Overbergstreek weer merkwaardig sal styg. Daarom doen ek 'n ernstige beroep op inwoners om nie te laat slap lê nie, en aan te hou water spaar.

Mandeladag

Op 18 Julie vier die hele wêreld weer die geboortedag van oud-President Nelson Mandela. Hierdie jaar sou Madiba 100 jaar oud geword het. Om die geleentheid te vier moedig die Nelson Mandela stigting mense aan om 67 minute van hul tyd te skenk aan iets of iemand wat dit nodig het. Betrek u vriende, kinders, familie en bure en kontak die verskeie nie-regeringsorganisasies

local visitors as well as tourists who travel between Franschhoek and Stellenbosch. The Ida's Valley market is made up of 20 stalls and is managed with the assistance of a committee consisting of residents from the Idas Valley area.

A total of four informal markets will be built across the Municipality. The building work at the Kayamandi market space will be done by July 2018 and in September the spaces at Cloetsville and Franschhoek will be completed. The project will make a total of 67 stalls available to upcoming entrepreneurs from across our municipal area.

I want to encourage our residents to visit these markets and to the support them. I am sure you will enjoy it as much as I have.

Donations

Over the past few weeks we have been blessed with wonderful rainy days. The rain is however accompanied with some challenges and adversely affect residents in our informal settlements. We already had a few incidences where residents had to be temporarily relocated because of the severe weather. We also had several serious fires in informal areas, in which some residents lost everything. Residents in informal settlements are the most affected by our winter weather. I want to ask you to please donate clothes and blankets so that we can assist those in need. The donations we received last year made a great difference in the lives of many residents. You can contact my office by calling 021 808 8024 or send an email to mayor.communication@stellenbosch.gov.za to make arrangements for donations.

Drought

As you know, the end of the drought is not yet in sight. Along with other affected municipalities we remain on level 6B water restrictions. I recently read in our local papers that there are residents who question the water restrictions after the rains and others who speculate that the water situation is not that serious. Other people allege that the municipality tries to unnecessarily increase rates. I can assure you that the water situation is still as serious as it was. What has changed is the amazing cooperation of our residents. Our data shows how almost all residents are cooperating and saving water wherever possible. A lot of rain is still needed before the dam levels will rise significantly in the Boland and Overberg regions. That is why I urge all our residents not to let up with their water saving efforts, but to keep on saving water.

Mandela Day

On 18 July, the world celebrates the birthday of former President Nelson Mandela. Madiba would have turned 100 years old this year. To celebrate this, the Nelson Mandela Foundation is encouraging people to give 67 minutes of their time to help a person or a cause. Involve your friends, children, family and neighbours and contact a non-governmental organisation in our

in ons area om te hoor wat u kan doen. Ek gaan beslis my 67 minute doen en ek sal u op hoogte hou van wat ons gaan doen. Kom ons herdenk hierdie merkwaardige Suid-Afrikaner se visie vir ons land deur van onsself te gee op hierdie dag.

Eksamentyd

Dit is ook weer die tyd van die jaar waar al ons leerders, op skool en universiteit vasgenael sit agter hul boeke! Sterkte aan al die leerders en studente en aan al die ouers en onderwysers wat help om dit moontlik te maak dat ons jongmense opgevoed word.

Winter is oppad

Ek hoop u geniet die koel en kalm winterweer net so baie soos ek. En gebruik sommer die geleentheid om ons plaaslike wynbedryf te ondersteun. Stellenbosch-distrik en natuurlik Franschhoek-distrik ook, maak van die wonderlikste wyne in die wêreld en wat 'n voorreg om soms in die aand met my werk voor die vuurherd te sit en 'n glasie lekker rooiwyn te geniet. Soos die Franse sê: A votre santé – op u gesondheid!

Beste Wense en Groete
Burgemeester Gesie

area to find out where you can help. I am definitely going to give my 67 minutes and I will keep you up to date with what we will be doing. Let's commemorate this remarkable South African's vision for our country by giving of ourselves on this day.

Exam Time

It is also that time of year where our learners at school and university are glued to their books. Good luck to all the learners and students and to all the parents and teachers who make it possible for our young people to get an education.

Winter is coming

I hope you enjoy the cool and calm weather as much as I do. Use this time to support our local wine industry. Stellenbosch district and of course Franschhoek district as well, make some of the most wonderful wines in the world. It is such a treat for me to come home in the evenings, sit in front of the fireplace with my work and enjoy a glass of our region's glorious red wine. As the French say: A votre santé – to your health!

Best Regards,
Mayor Gesie